

# Skalie-waarskuwings dalk nie so vergesog

Ná maande lange waarskuwings deur kenners dat hidrobreking in die Karoo grondwater erg kan besoedel, is pas bewys dat dit nie leë woorde is nie.

Deur JOHAN COETSEE

**W**at hy naby Merweville en Aberdeen gesien en aangetref het, het hom koue rillings gegee, het prof. Gerrit van Tonder van die Universiteit van die Vrystaat aan *Landbouweekblad* gesê.

Talle Suid-Afrikaners weet deesdae van hidrobreking (oftewel *fracking*) wat glo nodig is om die beweerde reuse-gasreserwes die onder die Karoo se pragtige, maar droë, landskap te ontgin. Daar is egter twee denkgroepe daaroor. Aan die een kant is diegene wat meen die ekonomiese voordele weeg baie swaarder sodat Suid-Afrika dalk dekades lank selfonderhouwend kan word wat sy energiebehoefte betref. Aan die ander kant meen sommige mense die Karoo en sy skaars hulpbron, water, gaan daardeur verniel en selfs vernietig word.



Foto's: Gerrit van Tonder

'n Ou, verroeste kraan is met groot moeite op Sambokkraal oopgemaak.

Gesprekke vind geruime tyd reeds op hoevlak plaas met onder meer die Regering, Shell SA aan die een kant verseker dat gate só dig verseël sal word nadat hul ontginningsleeftyd verby is, dat geen besoedeling enigsins moontlik is nie.

Genoeg bewyse oral – veral in Amerika – bestaan egter wat die teendeel bewys, meen Van Tonder en mnr. Fanie de Lange, albei van die instituut vir grondwaterstudies aan die Universiteit van die Vrystaat, en talle ander mense.


**'Ál die boorgate van Soekor met hoogte-elevasies van minder as 1 000 meter bo seespieël is artesies. Dit impliseer dat hidrobreking beslis grondwater in die Karoo gaan besoedel!'**

Daarom het Van Tonder in die laaste week van September persoonlik twee van die ou (en baie diep) boorgate besoek wat uit die Soekor-dae in die 1960's dateer. Die eerste een op die plaas Sambokkraal, naby Merweville, wat aan mnr. Boetie Botes behoort, en die tweede op die plaas Skietfontein, naby Aberdeen, wat aan mnr. Hennie Barnard behoort.

Metings en waarnemings wat hy gedoen het, het die volgende data opgelewer:

## Sambokkraal-boorgat

- Met die hulp van mnr. Charles Muller, 'n buurman, het Botes daarin geslaag om die vasgeroeste kraan op die boorgat weer oop te draai.
- Louwarm water het teen 'n tempo van 1000 liter per uur uit die gat gevloei.
- Die water, met metaangas daarin, is totaal ondrinkbaar. Die water wat uitloop, is aan die brand gesteek en het maklik gebrand, wat die sterk aanwesigheid van metaangas bevestig.
- Dit was opmerklik dat geen herstel in die omliggende plantegroei plaasgevind het sedert 1966 toe die boorgat geboor is nie.
- 'n Boorgat wat sowat een kilometer vanaf



dié ou Soekor-boorgat geleë is, se water bevat 'n hoër as gemiddelde soutkonsentrasie.

Daar word boog om binnekort vier vlak boorgate, elk sowat 40 meter diep, rondom die Soekor-boorgat te boor om moontlike impakte op die vlakker, vars grondwater te bepaal. Van Tonder het beloof om *Landbouweekblad* se lesers op hoogte te hou daarvan.

## Skietfontein-boorgat

- *Landbouweekblad* het reeds berig van hierdie boorgat wat 'n fontein sowat 30 km daarvandaan (op Klipplaat) besoedel het. Mnr. André Els, destyds 'n tegnikus wat in diens van Soekor was, het reeds in 'n voorige artikel "Hidrobreking kan grondwater besoedel" (LBW, 22 Junie 2012) daarvan vertel.



Mnr. Boetie Botes (links), eienaar van Sambokkraal naby Merweville, en Isak Oosthuizen, 'n buurman, kyk hoe brand die "skoon" water wat uit die ou boorgat kom. Dit dui op die metaangas wat in die erg besoedelde water aanwesig is.